VAN ONS SUSTERS

Die Susters van ons gemeente word vriendelik gevra om na die diens vir ’n paar minute agter in die kerk bymekaar te kom.

WAT VAN ‘N KOPPIE TEE?

Die Susters van wyke 3 en 4 nooi almal uit om na die erediens ’n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet.

Dankoffer-bydrae en kollektes se inbetalings

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb ’n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank:

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

NOU VRYDAGAAND 26 JANUARIE 2024

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir ’n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

R 30 per hamburger. **Worsbroodjies R 30**

Daar sal nog geen pannekoek beskikbaar wees nie want ons baasbakster is afwesig



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 2 Sondag **21 Januarie 2024**

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste.
Ouderlinge: Wyk 9 **Harm Stavast** en Wyk 10 **Wyk is vakant.**
Diakens: Wyk 9 **Jan-Adrian Eloff** en Wyk 10 **wyk is vakant.**
TEEBEURT: Wyksusters: 3 Frieda v d Walt en 4 Elsa Reinecke

EREDIENSTE

Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Woordbediening: 1 Petrus 1:23-2:12; 3:8-22.
Fokusverse: 1 Petrus 3:8-12.
TEMA: ***Christus roep weergeborenes om, ondanks onregverdige lyding, selfs hulle vyande tot seën te wees.***
Sing: Psalm 92:1, 2; Psalm 34:1, 2; Psalm 34:6, 7; Psalm 7:1, 2, 8; Psalm 35:6, 8, 12; Psalm 134:4; Skrifberyming 19-1: 1 (47).
Bede met meelewing: Psalm 20:2.

AAND:Woordbediening: Hebreërs 12.
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 31.
TEMA: ***Die liefde van ons hemelse Vader waardeur ons opgevoed word: Woord- en tugbediening.***
Sing: Psalm 4:3, 4; Psalm 66:1, 4, 7; Psalm 94:6, 7; Psalm 103:7, 8, 9; Skrifberyming 19-2: 1 (48).
Bede met meelewing: Psalm 134:4.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir in die rooi sakkies ***GKSA Sustentasiefonds***
Vanaand: ***Diens van Barmhartigheid*** *(blou)*en ***Kerkkas*** *(rooi)*
(Volgende week se Spesiale kollekte:***Teologiese Studentekas***)

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

Naomi Fraser is nog in Mediclinic, maar ons dank ons hemelse Vader vir die beterskap wat sy reeds ervaar. Sy genade is groot.

Hettie Venter het ‘n geslaagde pasaangeër prosedure op Klerksdorp ondergaan en ons is saam met haar en br Attie dankbaar vir die genade van ons troue Verbondsgod.

Netta Schutte word Maandag (22/01) in Unitas Hospitaal opgeneem waar sy ’n heupvervangingsoperasie sal ondergaan. Ons verseker haar en Paul van ons bede dat sy deur die prosedure lewenskwaliteit tot eer van ons Here mag ontvang.

Magda Opperman is Donderdag in Mediclinic opgeneem vir toetse en behandeling. Ons bede is dat sy spoedig sal herstel en kan terugkeer na haar woonstel.

Ons doen voorbidding vir **Magda Pelser-Van der Merwe** wat in die komende week 'n afspraak met 'n oor-, neus-, en keelspesialis moet nakom nadat sy mangelontsteking opgedoen het. Mag ons hemelse Vader genesing skenk.

Ons doen voorbidding vir ons verswakte lidmate wat in die versorgingseenhede van die onderskeie tehuise en ook tuis verpleeg word. Mag u daagliks versterk word met nuwe krag om die wedloop van die geloof met volharding te kan voltooi.

MEELEWING

Met leedwese maak ons bekend dat **Miriam Coetzee** Vrydagoggend oorlede is. Die begrafnis word waarskynlik vir Vrydag beplan. Ons betuig innige meegevoel met **Frans Coetzee**.

VAN ONS KERKRAAD

BEVESTIGING VAN OUDERLING

Die naam van **Frans Coetzee** is gedurende November/Desember 2023 telkemale ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die diens van ouderling. Geen besware is teen sy roeping tot die diens geopper nie, en hy sal vanoggend in dié diens bevestig word. Ons vra dat ouderlinge en diakens ná die erediens in die konsistorie bymekaarkom vir die ondertekening van die ondertekenings-formulier.

KALENDERS: Die jaarkalender vir 2024 is beskikbaar by die deure. Ons versoek dat u slegs een per gesin neem.

BYBELSTUDIES:

Die Bybelstudie in **Huis Eikelaan** begin **Dinsdag om 15:00** in die rooi sitkamer. Almal is welkom. Ons begin DV met die behandeling van Hoofstuk 2 van die Dordtse Leerreëls.

BYBELSTUDIE

Bybelstudie vir studente en werkende jeug begin weer **Woensdagaand 18:15** in die jeugkamer.

KATKISASIE

Ons katkisasiewerksaamhede hervat vandag. *Alle* verbondsouers van graad 1-10 katkisante word gevra om die opening van die katkisasie in die kerkgebou saam met hulle kinders by te woon.

BEGROTINGS

Die Finansiële Kommissie vergader die 31e Januarie en u word versoek om asseblief die begroting van die kommissie, waarvan u die sameroeper/voorsitter is, so gou moontlik aan Malie deur te stuur sodat die FinKom dit in aanmerking kan neem met die opstel van die begroting.

GEMEENTE-AAND EN HAMBURGERBRAAI

U word almal herinner aan en uitgenooi na die **Gemeente-aand en hamburgerbraai Vrydag 26 Januarie vanaf 17:00** hier op die terrein. Gee asb u bestellings per WhatsApp deur na Pieter of Malie voor Donderdag 13:00

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende die volgende week hulle verjaardag sal vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewens-jaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Di	23/01	**Lettie Vorster (82),**. Wyk 6
Wo	24/01	**Netta Schutte,**. Wyk3
Sa	27/01	**Hendra Bouwsema.**. Wyk 10

Bede met meelewing: Psalm 20: 2.